

*Mr. Esterhuysen*

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.



# BUITENGEWONE OFFISIËLE KOERANT

UITGAVE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1- Wednesday, 16th April, 1952. WINDHOEK Weensdag, 16 April 1952. No. 1670.

## CONTENTS

## INHOUD

ACT—	Page	WET—	Blads.
No. 18 (Union) Atomic Energy Amendment Act, 1952	3	No. 18 (Unie) Wysigingswet op Atoomkrag 1952	2

No. 18, 1952.]

# WET

## Tot wysiging van die Wet op Atoomkrag, 1948.

(Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)  
(Goedgekeur op 2 April 1952.)

**DIT WORD BEPAAL** deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Wysiging van  
artikel 3 van  
Wet 35 van 1948.

1. Artikel drie van die Wet op Atoomkrag, 1948 (hieronder die Hoofwet genoem), word hiermee gewysig deur aan die end daarvan die volgende sub-artikel by te voeg:

„(3) Die Minister verleen geen magtiging vir die ontginning of ekstrahering van 'n voorgeskrewe materiaal—  
(a) op enige grond nie, behalwe na oorlegpleging met die raad;

(b) op grond waarna in artikel ses verwys word, deur iemand anders nie as die betrokke myneienaar, soos in daardie artikel omskryf, behalwe onder die omstandighede in sub-artikel (1) van artikel sewe beskryf;

(c) op grond ten opsigte waarvan hy rede het om te vermoed dat 'n mineraal, vir die ontginning waarvan 'n mynhuur onder een of ander wet vereis word, in ontginbare hoeveelhede daarin of daarop voorkom nie, behalwe na oorlegpleging met die Mynverhursraad.”

Vervanging van  
artikel 6 van  
Wet 35 van 1948.

2. Artikel ses van die Hoofwet word hiermee deur die volgende artikel vervang:

„Ontginning van voorgeskrewe materiaal ten behoeve van Minister.

6. (1) Wanneer die Minister oortuig is dat 'n voorgeskrewe materiaal in ontginbare hoeveelhede voorkom in of op grond waarop mynbouwerkzaamhede of werksaamhede wat met mynbou in verband staan, gedryf word, kan hy die persoon deur wie daardie werksaamhede gedryf word (hieronder die myneienaar genoem) skriftelik uitnooi om met hom onderhandelings aan te knoop ten einde tot 'n ooreenkoms te geraak waarby vir die ontginning of ekstrahering van daardie voorgeskrewe materiaal deur bedoelde myneienaar ten behoeve van die Minister voorsiening gemaak word.

(2) So 'n ooreenkoms word nie deur die Minister aangegaan nie, dan alleen na oorlegpleging met die raad.”

Wysiging van  
artikel 7 van  
Wet 35 van 1948.

3. Artikel sewe van die Hoofwet word hiermee gewysig—  
(a) deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1) Indien 'n myneienaar versuim om binne dertig dae na ontvangs van 'n uitnodiging kragtens artikel ses aan hom gerig, skriftelik daarop te antwoord, of weier om ingevolge so 'n uitnodiging onderhandelings aan te knoop, of indien na verloop van 'n tydperk van honderd-en-tagtig dae vanaf die datum van sodanige ontvangs geen ooreenkoms tussen die Minister en bedoelde myneienaar bereik is aangaande die bedinge en voorwaardes waarop die betrokke voorgeskrewe materiaal deur bedoelde myneienaar ten behoeve van die Minister ontgin of geëkstraheer moet word nie, kan die Minister ander reëlings wat hy goedvind vir die ontginning of ekstrahering van daardie voorgeskrewe materiaal tref.”; en

(b) deur in sub-artikel (2) en in paragraaf (b) van sub-artikel (4) die woord „eiendom” waar dit ook al voorkom deur die woord „grond” te vervang.

Wysiging van  
artikel 8 van  
Wet 35 van 1948.

4. Artikel agt van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(a) deur in sub-paragraaf (i) van paragraaf (a) van sub-artikel (3) die woorde „op aanbeveling van die Mynverhursraad” deur die woorde „na oorlegpleging met die raad” te vervang; en

(b) deur in paragraaf (b) van daardie sub-artikel die woord „eiendom” op beide plekke waar dit voorkom deur die woord „grond” en die woorde „op aanbeveling van die Mynverhursraad” deur die woorde „na oorlegpleging met die raad” te vervang.

No. 18, 1952.]

# ACT

To amend the Atomic Energy Act, 1948.

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)  
(Assented to 2nd April, 1952.)

**BE IT ENACTED** by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. Section *three* of the Atomic Energy Act, 1948 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the addition at the end thereof of the following sub-section: Amendment of section 3 of Act 35 of 1948.

“(3) The Minister shall not grant authority for the mining or extraction of any prescribed material—

- (a) on any land, except after consultation with the board;
- (b) on land referred to in section *six* by any person other than the mine owner concerned, as defined in that section, except under the circumstances described in sub-section (1) of section *seven*;
- (c) on land in or on which he has reason to believe that any mineral, for the mining whereof a mining lease is required under any law, occurs in workable quantities, except after consultation with the Mining Leases Board.”.

2. The following section is hereby substituted for section *six* of the principal Act: Substitution of section 6 of Act 35 of 1948.

“Mining of prescribed material on behalf of Minister.

6. (1) Whenever the Minister is satisfied that any prescribed material exists in workable quantities in or on any land on which mining operations or operations incidental to mining are being conducted, he may in writing invite the person by whom such operations are being conducted (hereinafter referred to as the mine owner) to enter into negotiations with him for the purpose of arriving at an agreement providing for the mining or extraction of that prescribed material on behalf of the Minister by such mine owner.

(2) No such agreement shall be entered into by the Minister except after consultation with the board.”.

3. Section *seven* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 7 of Act 35 of 1948.

(a) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

“(1) If a mine owner fails to reply in writing to any invitation addressed to him under section *six*, within thirty days after receipt thereof, or declines to enter into negotiations in pursuance of any such invitation, or if after the expiration of a period of one hundred and eighty days from the date of such receipt no agreement has been reached between the Minister and such mine owner as to the terms and conditions on which the prescribed material in question is to be mined or extracted on behalf of the Minister by that mine owner, the Minister may make such other arrangements as he may deem fit for the mining or extraction of that prescribed material.”; and

(b) by the substitution in sub-section (2) and in paragraph (b) of sub-section (4) for the word “property” wherever it occurs of the word “land”.

4. Section *eight* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 8 of Act 35 of 1948.

- (a) by the substitution in sub-paragraph (i) of paragraph (a) of sub-section (3) for the words “on the recommendation of the Mining Leases Board” of the words “after consultation with the board”; and
- (b) by the substitution in paragraph (b) of that sub-section for the word “property” in both places where it occurs of the word “land” and for the words “on the recommendation of the Mining Leases Board” of the words “after consultation with the board”.

Vervanging van  
artikel 9 van  
Wet 35 van 1948.

5. Artikel *nege* van die Hoofwet word hiermee deur die volgende artikel vervang:

„Kennis-  
gewing van  
magtigings,  
ooreen-  
komste en  
reëlings vir  
prospek-  
tering vir of  
ontginning  
van voor-  
geskrewe  
materiaal.

9. (1) Die Sekretaris van Mynwese moet skrif-  
telik—

(a) aan die raad kennis gee van elke magtiging  
kragtens paragraaf (a) van sub-artikel (1) van  
artikel *drie* of sub-artikel (2) van artikel *agt*  
verleen, elke ooreenkoms kragtens artikel  
*ses* aangegaan en elke reëling kragtens sub-  
artikel (1) van artikel *sewe* getref;

(b) aan die registrateur van myntitels kennis gee  
van elke ooreenkoms kragtens artikel *ses*  
aangegaan of reëling kragtens sub-artikel (1)  
van artikel *sewe* getref, wat betrekking het op  
grond ten opsigte waarvan 'n in die kantoor  
van myntitels geregistreerde myntitel gehou  
word; en

(c) aan die registrateur van aktes vir die gebied  
waarin die betrokke grond geleë is, kennis  
gee van elke magtiging kragtens paragraaf (a)  
van sub-artikel (1) van artikel *drie* of sub-  
artikel (2) van artikel *agt* verleen, elke oor-  
eenkoms kragtens artikel *ses* aangegaan, en  
elke reëling kragtens sub-artikel (1) van  
artikel *sewe* getref, wat op ander grond as in  
paragraaf (b) van hierdie sub-artikel bedoelde  
grond betrekking het, en van elke magtiging  
kragtens artikel *tien* verleen.

(2) (a) Die registrateur van myntitels of die  
betrokke registrateur van aktes moet, by ont-  
vangs van 'n kennisgewing ingevolge sub-artikel  
(1), gratis op die gepaste myntitel of transport-  
akte en in die gepaste registers die aantekening  
maak wat nodig mag wees om die bestaan of  
beëindiging van die betrokke magtiging, oor-  
eenkoms of reëling genoegsaam aan te toon,  
maar geen kopie van so 'n magtiging, ooreen-  
koms of reëling word in die kantoor van die  
registrateur van myntitels of bedoelde registra-  
teur van aktes gehou nie.

(b) Die houer van die myntitel of die transportakte  
van die betrokke grond, al na die geval, of,  
indien die mineraalregte onder aparte titel  
gehou word, die houer van die akte waaronder  
dit aldus gehou word, moet binne 'n tydperk  
van dertig dae nadat 'n skriftelike versoek, in  
die geval van 'n myntitel deur die registrateur  
van myntitels, en in die geval van 'n titel tot  
die grond of minerale deur die Sekretaris van  
Mynwese, daartoe gedoen is, daardie myntitel  
aan bedoelde registrateur of daardie akte aan  
bedoelde Sekretaris vir versending aan die  
betrokke registrateur van aktes oorleë.

(c) Indien die houer van so 'n myntitel of akte  
versuim om aan die versoek te voldoen, of  
indien daar, omdat hy nie gereedlik opgespoor  
kan word nie, geen sodanige versoek gedoen  
word nie—

(i) kan die registrateur van myntitels of, al na  
die geval, die betrokke registrateur van  
aktes by ontvangs van 'n kennisgewing te  
dien effekte van die Sekretaris van Myn-  
wese, vervolgens die in paragraaf (a)  
bedoelde aantekening op die duplikaat-  
akte, as daar is, wat in sy kantoor gehou  
word en in die gepaste registers aanbring; en

(ii) registreer die betrokke registrateur geen  
verder transaksies met betrekking tot die  
myntitel of, al na die geval, die grond of  
die mineraalregte op die grond nie, totdat  
bedoelde aantekening op die myntitel of  
die transportakte of die akte waaronder die  
mineraalregte gehou word, deur hom aan-  
gebring is, en moet hy op die betrokke  
myntitel of akte beslag lê ten einde bedoelde  
aantekening daarop aan te bring wanneer  
bedoelde myntitel of akte om enige rede  
by sy kantoor ingedien word: Met dien

5. Section *nine* of the principal Act is hereby replaced by the following new section:

Substitution of section 9 of Act 35 of 1948.

“Notifica-  
tion of  
authorities,  
agreements  
and arrange-  
ments to  
prospect or  
mine for  
prescribed  
materials.

9. (1) The Secretary for Mines shall in writing advise—

(a) the board of every authority granted under paragraph (a) of sub-section (1) of section *three* or sub-section (2) of section *eight*, every agreement made under section *six* and every arrangement made under sub-section (1) of section *seven*;

(b) the registrar of mining titles of every agreement entered into under section *six* or arrangement made under sub-section (1) of section *seven* which relates to any land held under mining title registered in the mining titles office; and

(c) the registrar of deeds for the area in which the land affected is situated, of every authority granted under paragraph (a) of sub-section (1) of section *three* or sub-section (2) of section *eight*, every agreement entered into under section *six* and every arrangement made under sub-section (1) of section *seven* which relates to land other than land referred to in paragraph (b) of this sub-section, and of every authority granted under section *ten*.

(2) (a) The registrar of mining titles or the registrar of deeds concerned shall, upon receipt of advice under sub-section (1), free of charge make such entries on the appropriate mining title or title deeds and in the appropriate registers, as may be necessary adequately to reflect the existence or termination of the relevant authority, agreement or arrangement, but no copy of any such authority, agreement or arrangement shall be filed in the office of the registrar of mining titles or of such registrar of deeds.

(b) The holder of the mining title or of the title deeds of the land concerned, as the case may be, or, if the mineral rights are held under separate title, the holder of the deed by which they are so held, shall within a period of thirty days after written demand therefor has been made, in the case of mining title, by the registrar of mining titles, and, in the case of title to the land or minerals, by the Secretary for Mines, produce such mining title to the said registrar or such deed to the said Secretary for transmission to the registrar of deeds concerned.

(c) If the holder of any such mining title or deed fails to comply with such demand, or if as a result of his whereabouts not being readily ascertainable, no such demand is made—

(i) the registrar of mining titles, or the registrar of deeds concerned on receipt of notice to that effect from the Secretary for Mines, as the case may be, shall thereupon make the entries referred to in paragraph (a) on the duplicate deed, if any, filed in his office and in the appropriate registers; and

(ii) the registrar concerned shall not register any further transactions relating to the mining title or to the land or to the mineral rights on such land, as the case may be, until such entries on the mining title or the title deed or the deed by which such mineral rights are held, have been made by him, and shall impound such mining title or deed for the purpose of making the said entries thereon whenever such mining title or deed may for any reason be lodged in his office;

verstande dat die bepaling van hierdie paragraaf nie die registrasie belet van 'n transaksie wat sonder die oorlegging van bedoelde myntitel of akte geregistreer kan word nie.

Wysiging van artikel 16 van Wet 35 van 1948.

6. Artikel *sestien* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur aan die end van sub-artikel (4) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Finansies, vir voorgeskrewe materiaal wat geproduseer word ingevolge magtiging kragtens paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel *drie* verleen of 'n ooreenkoms kragtens artikel *ses* aangegaan of 'n reëling kragtens artikel *sewe* getref, betaal kan word uit die oprings deur die raad verkry uit die afset van daardie voorgeskrewe materiaal.”.

Wysiging van artikel 19 van Wet 35 van 1948.

7. Artikel *negentien* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur aan die end van sub-artikel (2) die woorde „en ook word die verlening of geldigheid van 'n patent waarvoor aansoek gedoen is of mag word, nie benadeel weens die feit dat die uitvinding deur of op gesag van die raad gebruik of aan enigiemand bekendgemaak of in 'n gedrukte publikasie in die Unie of in 'n ander land beskryf is nie” by te voeg.

Kort titel.

8. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Atoomkrag, 1952.

Provided that the provisions of this paragraph shall not prevent the registration of any transaction which may be registered without the production of such mining title or deed."

6. Section *sixteen* of the principal Act is hereby amended by the addition at the end of sub-section (4) of the following proviso: Amendment of section 16 of Act 35 of 1948.

"Provided that, subject to the approval of the Minister of Finance, payment for any prescribed material produced in pursuance of authority granted under paragraph (a) of sub-section (1) of section *three* or in terms of any agreement entered into under section *six* or any arrangement made under section *seven* may be made from the proceeds derived by the board from the disposal of such prescribed material."

7. Section *nineteen* of the principal Act is hereby amended by the addition at the end of sub-section (2) of the words "nor shall the fact that the invention has by or under the authority of the board been used or made known to any person or described in any printed publication in the Union or in any other country prejudice the grant or the validity of any patent for which application has been or may be made". Amendment of section 19 of Act 35 of 1948.

8. This Act shall be called the Atomic Energy Amendment Act, 1952. Short title.